

# Lekkerbekkie Nuusbrief



26 MAART 2013 | UITGAWE 4

**Inhoud:**
* Gratis kinderstorie: Waar kom die wurmpie vandaan?
* Gratis inkleurprentjie
* Spesiale aanbod:
Die grootste storieversameling in die land!

**Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za**

**Gratis kinderstorie:**

## Waar kom die wurmpie vandaan? deur Anna Emm

Op 'n dag speel 'n klein seuntjie in die tuin. Hy bou 'n huis met 'n kartonboksie op die grond en maak paadjies vir sy karretjies tussen die bome deur. Die volgende oomblik val daar iets op sy skouer! Hy voel daaraan en dis sag en kriewelrig. Hy vat dit in sy handjie en kyk daarna. Dis 'n wurmpie!

"Waar kom die wurmpie vandaan?" vra die seuntjie en kyk op in die lug. Maar al wat hy sien is die boom se takke en die wolke en die lug. Miskien het die wurmpie nie 'n huisie nie. Miskien wil die wurmpie met hom speel!

Die seuntjie sit die wurmpie in die kartonboks-huisie en speel verder met sy karretjies in die sand. Maar toe hy later na die wurmpie soek is dit weg! Die kartonboks-huisie is leeg en daar is nou 'n klein gaatjie in die boks. Die seuntjie loer deur die gaatjie en sien die wurmpie op die grond.

"Hoe kom jy daar?" vra die seuntjie en tel die wurmpie op. Miskien wil die wurmpie saam met hom huistoe gaan vir aandete! Hy sit die wurmpie in sy hempie se sak en stap aan na die huis toe. Maar hy vergeet van die wurmpie, want sy mamma het heerlike kos gemaak en hy is honger. Die seuntjie eet al sy kos op en toe sy magie weer vol is onthou hy van die wurmpie. Hy loer in sy sak, maar die wurmpie is weg! Die sak is leeg! Daar is nou 'n klein gaatjie in die sak. Die seuntjie loer deur die gaatjie in die sak en sien die wurmpie op sy skoot.

"Daar is jy!" roep hy en tel die wurmpie op. Miskien is die wurmpie vaak. Die seuntjie gaan na sy kamer toe en trek sy pajamas aan. Dan sit hy die wurmpie versigtig in 'n plastiekbakkie op sy tafel, en gaan bad. Maar o aarde, toe die seuntjie terugkom in sy kamer is die wurmpie weg! Die bakkie is leeg! En kan jy dit glo? Daar is sowaar 'n klein gaatjie in die bakkie! Die seuntjie loer deur die gaatjie en sien die wurmpie bo-op 'n stukkie papier op die vloer. Hy tel die papier met die wurmpie op en bekyk dit van naby. En raai 'n bietjie wat sien hy?

Die wurmpie is sowaar besig om 'n gaatjie regdeur die papier te vreet! En toe die gaatjie groot genoeg is, val die wurmpie *ploemps!* daardeur tot op die seuntjie se voet! Die seuntjie lag tog te lekker en sê: "Ek weet waar die wurmpie vandaan kom! En ek weet hoe hy op my skouer beland het."

Die volgende oggend gaan sit die seuntjie die wurmpie terug daar hoog boom in die boom – bo-op een van die groen blare. En kan jy dit glo? Hierdie keer vreet die wurmpie nie weer 'n gaatjie nie. Sy magie is lekker vol en hy kruip stadig oor die blaar… sonder om daaraan te kou!

**Gratis inkleurprentjie:**

**Waar kom die wurmpie vandaan?** illustrasie deur Elanie Bieldt



# Die grootste storieversameling in die land! 96 stories op CD!

**Spesiale aanbod: Koop enige 5 @ R300 (R60 elk) | Koop al 24 @ R1200 (R50 elk)**

Geldig tot 1 April 2013!




**Kode: SK01A**
Storieklub CD 1
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Jana en die seerower
2. Prinses Jana en die groot vuur
3. Prins Dirkie en die blink vis
4. Prins Dirkie en die groot gevaar




**Kode: SK02A**
Storieklub CD 2
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Mientjie en die goor grotman
2. Prinses Mientjie skryf 'n storie
3. Prins Thomas en die sewe slapies
4. Prins Thomas en die apie




**Kode: SK03A**
Storieklub CD 3
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Pippie en Katjie Kwaai
2. Prinses Pippie en die na-aper
3. Prins Pieter en die ruimteman
4. Prins Pieter en die nuwe bure




**Kode: SK04A**
Storieklub CD 4
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Babsie en die slaapwandelaar
2. Prinses Babsie en die koning se mantel
3. Prins Frikkie en Koning Snorkelmorkel
4. Prins Frikkie en die vreemde sleutel




**Kode: SK05A**
Storieklub CD 5
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Jana en Niggie Babatjie
2. Prinses Jana en die slakkies
3. Prins Dirkie en die versteekte tonnel
4. Prins Dirkie en die kompas




**Kode: SK06A**
Storieklub CD 6
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Mientjie en Klaas Vakie
2. Prinses Mientjie en die likkewaan
3. Prins Thomas en die woelwaters
4. Prins Thomas en die vlieënde tas




**Kode: SK07A**
Storieklub CD 7
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Pippie en Stout Floorsie
2. Prinses pippie en die verkeerde storie
3. Prins Pieter en die sandkasteel
4. Prins Pieter en die wolkewêreld




**Kode: SK08A**
Storieklub CD 8
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Babsie en die skaam prins
2. Prinses Babsie en die towerfluit
3. Prins Frikkie en die stout nefies
4. Prins Frikkie en die diewe




**Kode: SK09A**
Storieklub CD 9
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Jana en die tamatiebredie
2. Prinses Jana en die bittere dag
3. Prins Dirkie en die lang leer
4. Prins Dirkie en die rekenaarspeletjie




**Kode: SK10A**
Storieklub CD 2
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Mientjie en die groot storm
2. Prinses Mientjie en die tikmasjien
3. Prins Thomas se groot vraag
4. Prins Thomas en die vreemde note




**Kode: SK11A**
Storieklub CD 11
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Pippie en die drie wense
2. Prinses Pippie die regte prinses
3. Prins Pieter en die boomhuis
4. Prins Pieter en die niggies




**Kode: SK12A**
Storieklub CD 12
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Babsie en die vlieër
2. Prinses Babsie en die mol
3. Prins Frikkie en die gesteelde boeke
4. Prins Frikkie vang vis




**Kode: SK13A**
Storieklub CD 13
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Jana en die dolfyn
2. Prinses Jana en die yswêreld
3. Prins Dirkie en die stukkende groen
4. Prins Dirkie en die wipplank




**Kode: SK14A**
Storieklub CD 14
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Mientjie en die mallemeule
2. Prinses Mientjie en die muise
3. Prins Thomas en die groot geskenk
4. Prins Thomas en die hondjie




**Kode: SK15A**
Storieklub CD 15
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Pippie en die vreemde stewels
2. Prinses Pippie speel wegkruipertjie
3. Prins Pieter kry besoekers
4. Prins Pieter en Hansie Slim




**Kode: SK16A**
Storieklub CD 16
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Babsie en die eskimo
2. Prinses Babsie en die slim seekat
3. Prins Frikkie en die jakkals
4. Prins Frikkie en Koning Kromneus




**Kode: SK17A**
Storieklub CD 17
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Jana en die bakvissies
2. Prinses Jana en die sonneblom
3. Prins Dirkie en die mannetjie
4. Prins Dirkie en die kougom-kompetisie




**Kode: SK18A**
Storieklub CD 18
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Mientjie bak pannekoek
2. Prinses Mientjie en die oormôre gas
3. Prins Thomas en die treintjie
4. Prins Thomas en die donker grot




**Kode: SK19A**
Storieklub CD 19
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Pippie help die koning
2. Prinses Pippie en die muise se skool
3. Prins Pieter in Likkedikland
4. Prins Pieter en die slim babatjie




**Kode: SK20A**
Storieklub CD 20
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Babsie en die geheime kamer
2. Prinses Babsie en die hekelwerk
3. Prins Frikkie en die moeilike meneertjie
4. Prins Frikkie gaan maan toe




**Kode: SK21A**
Storieklub CD 21
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Jana en die bootjie
2. Prinses Jana verjaar
3. Prins Dirkie en die sywurms
4. Prins Dirkie en die avontuur-meisie




**Kode: SK22A**
Storieklub CD 22
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Mientjie en die kompetisie
2. Prinses Mientjie se nuwe skoene
3. Prins Thomas gaan haarkapper toe
4. Prins Thomas en die kuiergas




**Kode: SK23A**
Storieklub CD 23
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Pippie en Tante Tamatie
2. Prinses Pippie en die stokgogga
3. Prins Pieter en die duisend trappies
4. Prins Pieter se nuwe maatjie




**Kode: SK24A**
Storieklub CD 24
**45 min | audio cd**
**R 80.00**

Stories op die CD:
1. Prinses Babsie en die robot
2. Prinses Babsie hou piekniek
3. Prins Frikkie en die suikerdief
4. Prins Frikkie vang 'n leeu

**Hoe om te bestel:**
Betaal die regte bedrag
na
Anna Emm Productions
ABSA 916 338 0225
Takkode 632005
met jou naam as verwysing!

Stuur dan 'n epos met jou bestelling en posadres na
lekkerbekkie@annaemm.co.za

**"Storieklub" is 'n produk van**
**Anna Emm Productions**
**www.AnnaEmm.co.za | 021 911 5618 |**
**storieklub@annaemm.co.za**